# Les 15 ONS LEEF DANKBAAR VIR DIE HERE WAT VIR ONS GEKRUISIG IS

## 1. Opsomming

Verlede keer het ons gesien dat God altyd vir ons goed is. Al doen ons slegte dinge en al is ons sleg, God sal nooit vir ons sleg wees nie. Dit is hoe God se plan vir ons werk: Syne is myne en myne is Syne. Jesus is vir ons gekruisig. Hy het alles stiptelik gedoen soos die Here gesê het, en toe kry Hy ons slegte behandeling van die Vader aan die kruis. Nou kry óns altyd net die goeie behandeling van die Vader wat Jésus eintlik moes kry. God sal ons nooit sleg behandel of dit met ons sleg laat gaan omdat ons slegte dinge doen nie.

## 2. Gevolge is nie straf nie

Wanneer jou ma vir jou sê: “Jy moenie jou hand op hierdie plaat van die stoof sit nie. Dit is warm. Jy gaan jou hand brand.” En jy luister nie na haar nie. Jy sit jou hand sommer so hard en lank op die stoof se plaat. Wat gaan gebeur? Jou hand gaan brand! Seer en diep.

Kan jy sê: “My ma het my gestraf, sy het my hand gebrand.”?

Jou hand het seer gebrand omdat jy nie geluister het nie en jou hand op die plaat gesit het. Dit is net die gevolge van wat jy gedoen het. Dit is glad nie jou ma wat jou gestraf het, wat maak dat jou hand gebrand het nie.

Baie mense maak asof God hulle straf as hulle net die gevolge moet dra vir wat hulle doen. Een predikant in die Bybel wys hoe mense só gemaak het in sy tyd: *“Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense, Hy hou van hulle,” of toe julle gevra het: “Waar is die God wat reg moet laat geskied?”* Maleagi 2:17

Die Here waarsku ons altyd dat ons nie met mense vriende moet wees wat altyd net verkeerde dinge wil doen nie. Dit is soos om nie vriende te wil wees met iemand wat altyd te veel drink en dronk is nie. Wat gaan met jou gebeur as jy met so iemand vriende is en altyd saam met hom in sy kar ry? Julle gaan ’n ongeluk maak. Hierdie mense maak só! As hulle dronk is en hulle maak ’n ongeluk, dan sê hulle die Here het hulle gestraf. Hy was sleg vir hulle want Hy het hulle ’n ongeluk laat maak.

Dit is nie waar nie. Om seer te kry as jy iets doen wat die Here sê jy nie moet doen nie, is nie jou straf nie. Dit is wat jy oor jouself gebring het omdat jy nie na die Here geluister het nie. Dit is net die gevolge van wat jy self gedoen het. Dit is nie wat die Hére met jou doen nie.

Die gevolge van ons ongehoorsaamheid is nie die Here se straf nie.

## 3. God bly vir ons goed, al dra ons die gevolge van ons sonde

Wat maak ’n ma as haar kind se hand op die plaat gebrand het? Ken julle ma’s wat só sal sê: “Omdat jy ongehoorsaam was, kan jou hand maar brand. Ek sal nie salf opsit nie. Ek sal jou wond nie toebind nie. Jou hand kan maar vrot!” En jou dan uitlos so met jou seer hand en al? Nee. Al was jy ongehoorsaam, bly sy vir jou goed. Sy sit salf op jou hand, sy bind jou hand mooi toe en sy sorg dat jou hand nie sweer nie. Sy bly altyd vir jou goed. Al is jy sleg en ongehoorsaam.

Net so. Omdat Jesus vir ons sondes en slegte dinge gekruisig is, bly die Here vir ons altyd goed. Die Here sal nooit vir ons sleg wees omdat ons ongehoorsaam was nie.

**4. Die Here se goedheid maak ons altyd dankbaar**

Watter kind ken julle wat só sal maak: omdat sy ma salf op sy hand sit, dit toebind en goed sorg vir sy hand, gaan hy en sit sommer weer sy hand op die plaat, net omdat sy ma salf en verbande om sy hand gesit het? Dit is nie hoe dit werk nie.

Kyk wat wys die Here vir ons in Kolossense. Hier sê Paulus: *“…Wees altyd dankbaar. [16]Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly.…”* Kol. 3. Die Here sê ons moet altyd dankbaar wees. Want dit is hoe die boodskap van Jesus binne-in ons bly. Die boodskap van Jesus se kruisiging is nie sommer net iets wat buite ons bly nie. Wat gebeur binne-in ’n kind se hart as sy ma salf op sy hand sit en dit toebind, al was hy ongehoorsaam? So ’n kind is bly. Hierdie is ’n spesiale soort blydskap. Dit is blydskap dat jou ma goed is vir jou, al was jy ongehoorsaam.

Die Here se kruisiging maak ons dankbaar. Dit maak ons binne-in ons bly omdat die Here vir ons goed bly, al is ons ongehoorsaam. En dit is wat die Here van ons verwag. Hy verwag dat ons dankbaar sal wees omdat Hy altyd goed is vir ons, al is ons kinders wat baie ongehoorsaam is. Hy verwag dit van ons, want dit is Hý wat ons dankbaar maak deur altyd goed vir ons te bly.

**5. Die Here se kruis verander die manier waarop ons lewe**

Is daar enigiets wat met ons in ons lewe gebeur, omdat die Here besluit het Hy is en gaan vir ons sleg wees? Niks nie. Ons kry baiekeer seer net omdat ons die gevolge dra van ons eie sonde. Ons kry baiekeer seer net omdat ons die gevolge van ons ouers of vriende se sonde dra. Maar dit is nooit iets wat met ons gebeur omdat God vir ons sleg wil wees nie. Hy is vir ons nét goed.

Want Syne is myne en myne is Syne. Ek kry al die goedheid wat Jesus moes kry, en Jesus het al die slegtheid gekry wat ek moes kry.

Dit is hoe die Here ons lewe verander. Ons is altyd, en blý altyd dankbaar, bly dat die Here vir ons goed is en altyd net goed gaan wees. Daarom kan Paulus vir Christene sê: *"[18]Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag."* 1Thes.5:18 Ons kan nie iets moeiliks of swaar wat met ons gebeur, ooit weer sien as die Here wat vir ons wil wys Hy is, en wil vir ons sleg wees nie. Maak nie saak watter moeilikheid ons kry nie. Ons bly altyd glo dat die Here vir ons goed is en goed wil wees, al is ons keer op keer ongehoorsaam. Daarom kan ons altyd, en in álle swaarkry, dankbaar wees; dit is, bly omdat God altyd vir ons goed is, en goed bly.

**6. Dankbare mense sê áltyd "dankie" en hou aan goed doen**

Dankbare mense sê altyd "dankie". Wat doen 'n kind as sy ma salf op sy hand sit en dit toebind? Hy of sy sê: "Dankie". Dit is wat dankbare mense doen. Hulle sê vir die Here dankie omdat die Here aanhou om vir hulle goed te wees, al doen hulle slegte dinge. Kyk hoe wys die Here wat gelowiges doen wat glo: Syne is myne en myne is Syne: *"Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. [17]En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom."* Kol.3 Hulle dank die Here altyd vir alles. Want alles wat die Here vir ons doen, is omdat Hy vir ons goed is. Niks wat Hy vir ons doen, is omdat Hy vir ons sleg wil wees nie.

Dankbare gelowiges sê altyd vir die Here dankie.

Maar dankbare gelowiges doen ook iets anders. Kyk wat doen hulle volgens die predikant Petrus in die Bybel: *"[19]Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen."* 1 Pet.4:19 Hulle probeer nie net een keer of twee keer of net so nou en dan goed doen nie. Hulle hou áán met goed doen.

Sal jy kan aanhou om vir die Here goed te doen, as Hy elke keer vir jou sleg is as jy ongehoorsaam is? Nee. As die Here elke keer as ons ongehoorsaam is, vir ons sleg is, sal ons moedeloos en kwaad word en ophou om te probeer om goed te doen.

Maar wat doen die Here? Hy is áltyd vir ons goed omdat Jesus vir ons gekruisig is. En? Wat maak die Here binne-in ons harte elke keer as Hy vir ons goed is? Hy maak ons elke keer dankbaar. En as die Here altyd aanhou om vir ons goed te wees, al is ons baiekeer ongehoorsaam, dan hou Hy aan om ons altyd dankbaar te maak.

Daarom hou ons aan om goed te doen en goed te probeer doen vir die Here. Want Hy blý vir ons goed, al is ons ongehoorsaam!

Omdat God altyd vir ons goed bly, hou ons aan om dankie te sê en te probeer om goed te doen. Die Here se goedheid verander ons van mense wat moedeloos en

kwaad is omdat hulle aanhou verkeerde dinge doen, na mense wat aanhou dankie sê en aanhou om te probeer goed doen, al doen ons keer op keer verkeerde dinge.

En vir die Here is hierdie dankbare lewe, die régte lewe wat Hy wil hê ons moet leef, so met ál die foute en al. Ons lewe in die geloof dat God altyd vir ons goed is, is die nuwe, regte lewe wat ons vir die Here leef wat vir ons gekruisig is.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

__________________________________Handtekening: ouer of voog